**VORM & VOLG**

7 WEKE REEKS: VRAE WAT GOD VRA

# VRAAG 3: WAT HET JY IN JOU HAND?

16 FEBRUARIE 2025 | EKSODUS 4:1-17

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte en ook Godstories van die week deel. Deel ook hoe jy verder gereflekteer het op laasweek se vraag - Waar is jou broer/suster?

## 2. WORD STIL

Steek 'n kers aan en lees die woorde:

God is hier teenwoordig
God is hier
God is
God

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Eksodus 4:1-17 saam deur.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- 'n Woord
- 'n Frase
- 'n Gedagte
- 'n Vraag
- 'n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe



# 4. GESELS

- Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
- Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

**Bespreek die volgende saam in die groep:**

1. Wat is jou “go-to” verskoning wat jy gebruik vir hoekom jy nie die wêreld ‘n beter plek kan maak nie?
2. Noem een vermoë wat jy besit wat ander van jou waardeer en admireer?
3. Vertel vir mekaar van een hulpbron wat jy na ander kan bring oor die lewenservaring wat jy al opgedoen het?
4. Hoe sal jy wil hê moet die Here jou gebruik om ‘n kreatiewe verskil in die wêreld te maak?

# 5. GEBED

Mag ons besef dat ons alreeds alles het wat die Here nodig het om ons te gebruik. Ons vra vir die Here om ons te wys hoe om dit te gebruik wat Hy reeds vir ons gegee het, om vir ons geleenthede en mense te stuur wat juis ons stukkie gawe en ondervinding nodig het. Ons sluit af en bid vir mekaar en vra dat die Here ons sal bystaan en help, en ons kan ook dankie sê dat Hy ons gebruik net soos ons is.